Welkom op Roete 3.12

Jou eerste vraag is waarskynlik 'Wat is Roete 3.12?'. Om dit te beantwoord, moet ons teruggaan na die begin. By Wapadrant Gemeente (WPR) het ons 'n nuwe visie vir die kerk - een wat ons as lidmate sal noop om aktief deel te wees van die liggaam van Christus:

Elkeen Saam op God se Pad

Hierdie visie is ons rigtingaanwyser sodat alles wat ons hiervandaan af doen by WPR Gemeente in dieselfde rigting vloei. Sodoende verseker ons eenheid van aksie en hart, wat noodwendig groter sukses beloof in alles waartoe God ons roep.

2008 is die jaar wat toegewy is aan die bekendstelling van hierdie visie aan almal by WPR. Dit gaan verskeie aksies op alle vlakke van die gemeente behels, ten einde seker te maak dat ons almal sekerheid het oor wat die Visie van elkeen vra, en hoe dit ons lewe hier en weg van WPR gaan verryk.

Die kommunikasie plan waarmee ons nuwe visie bekend gestel word is Roete 3.12. Dit is gebaseer op Filippense 3:12 wat die pas aangee vir hierdie jaar se vernuwing:

"Ek sê nie dat ek dit alles al het of die doel al bereik het nie, maar ek span my in om dit alles myne te maak omdat Christus Jesus my reeds Syne gemaak het."

Elke keer as jy die Roete 312 logo sien, dan weet jy WPR Gemeente is aktief besig om nader te beweeg aan dit wat God van ons vra.

In hierdie info blad sal jy 'n duidelike uiteensetting kry van waarop die verskillende fasette van die visie gegrond is. Daar is ook belangrike datums agterop wat struktuur gee vir die jaar se aksies. So kom stap saam, want jy is ingereken in hierdie plan, en daarom onmisbaar.

Roete 3.12 Datums

Die visie gaan oor vele maande uitgerol word, met ongeveer twee maande se in-diepte besprekings en studies toegewy vir elk van die drie elemente van die visie. Hieronder is 'n lys met die datums vir elk van die elemente se besprekings:

27 Apr – 1 Jun: **OP GOD SE PAD**

8 Jun – 27 Jul: **SAAM**

3 Aug – 14 Sep: **ELKEEN**

Gemotiveerd om saam met ander gemeentelede te verkeer? Kyk uit vir die uitstalling hieronder

20 Jul: **Kleingroepe Classifieds Uitstalling**

Besef jy wat 'n enorme verskil jou individuele bydrae kan maak in God se plan vir sy kerk? Kom kyk waar jy waarde kan toevoeg.

24 Aug: **He Ain't Heavy Diensgroepe Uitstalling**

Wapadrant Gemeente

"Waar God lewens verander"

www.gkwapadrant.co.za

kantoor@gkwapadrant.co.za

012 991-1395

ELKEEN SAAM OP GOD SE PAD!

WAPADRANT
GEMEENTE



Elkeen

"Ek het jou op jou naam geroep, jy is Myne." Jesaja 43:1

- God het my spesiaal gemaak (Ps 139:15)
- God het vir my sy Seun gestuur (Luk 2:11)
- God gee vir my sy Heilige Gees (Rom 8:11)
- God se Gees maak my vol van SY VRUG: liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, 23 nederigheid en selfbeheersing. (Gal 5:22, 23)
- God het vir my unieke gawes gegee (Ef 4:6)
- God het my gemaak vir goeie dade (Ef 2:10)

1

- God wil hê dat ek alles tot sy eer doen (1 Kor 10:31)
- God gee vir my unieke ervarings om my voor te berei (2 Kor 1:8-10)
- Ek moet myself die heeltyd tot God se beskikking stel (1 Tim 2:15)

DAAROM GAAN EK:

- In die eerste plek DIEN en nie BEdien word nie
- Oral die REGTE ding doen
- Geleenthede gebruik vir die HERE
- Die VRUG van die Gees in my lewe wys

Saam

"Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe." Efesiërs 4:3

- God maak ons sy kinders (1 Joh 3:10)
- Die Here los my nie alleen nie, maar bind my aan gelowiges saam (1 Kor 12:27)
- My gemeente is my geestelike huisgesin (Ef 2:19)
- Ek MOET my medegelowiges liefhê (1 Pet 2:17)
- Ek moet VERAL aan my medegelowiges goed doen (Gal 6:10)

2

- Die Here wil hê dat ek my gawes gebruik vir die ander (1 Pet 4:10)
- As ek my mede-gelowiges liefhet, bewys dit dat ek 'n volgeling van Jesus is (Joh 13:35)
- Ek behoort my lewe vir my geestelike broers en susters af te lê (1 Joh 3:16)

DAAROM GAAN EK:

- My nie van die kerk vervreem nie
- Ander mense inspraak in my lewe gee
- Verantwoordelik wees vir ander gelowiges
- My gawes gebruik vir die voordeel van ander
- Ten volle deel wees van my geestelike huisgesin
- Aktief deelneem aan en meeleef in my kleingroep

Op God se Pad

"Ek is die Here jou God wat jou onderrig tot jou beswil, wat jou lei op die pad waarop jy moet gaan." Jesaja 48:17

- God het my gemaak om soos Jesus te word (Rom 8:29)
- God wil hê dat ek volgens SY wil leef (Ef 4:29)
- Ek moet met die ou mens breek en nuut lewe (Ef 4:22)
- Die Heilige Gees verander my om al hoe meer soos Jesus te word (2 Kor 3:18)

3

- Ek moenie soos die wêreld word nie, maar God se wil onderskei (Rom 12:2)
- Ek moet in liefde by die waarheid bly (Ef 4:14)
- God leer vir ons sy pad in sy Woord (2 Tim 3:16)
- Ek moet op die smal pad loop (Mat 7:14)
- God is altyd by my op sy pad (Mat 28:20)

DAAROM GAAN EK:

- Getrou Bybel lees en bid om God se pad te hoor en te ken
- God se pad loop en nie myne nie
- Elke dag meer en meer soos Jesus leef
- Nie soos die wêreld leef nie, maar soos God wil hê